

# RUT

## Inleiding

### Naam van die boek

Die boek *Rut* dra die naam van een van die hoofkarakters, Rut, 'n jong vrou uit Moab, wat 'n belangrike rol in die vertelling speel. Haar naam beteken waarskynlik "vroulike metgesel". Die boek sou egter net sowel "Naomi" genoem kon word, aangesien sy die sentrale figuur in die vertelling is. Haar probleem is op die voorgrond in die eerste hoofstuk en aan die einde staan sy prominent in die afloop van die gebeure.

### Plek in die kanon

Die boek *Rut* het in die ou Griekse vertaling reeds 'n plek tussen die boeke *Josua* en *Rigters* gekry. Die verwysing na die rigtertyd in die eerste woorde van die boek en die slotwoorde waarin die naam van Dawid voorkom, maak so 'n plasing logies. In die Hebreëuse kanon is die boek *Rut* een van die sogenaamde feesrolle: Die verhaal word altyd met die oesfees (Pinkster) gelees, wanneer daar onder andere tydens die oes voorsiening gemaak word vir weduwees en vreemdelinge (vgl Rut 2 met Lev 23:9-22 en Deut 16:9-11).

### Tyd en plek van ontstaan

Volgens die beginwoorde speel die verhaal af in die rigtertyd. Die boek is egter heelwat later geskryf. Die geslagsregister aan die einde

van die boek is waarskynlik afgelei van die gegewens in 1 Kronieke 2:5-15, wat dui op 'n laat datering. Verskillende verwysings in die boek na ander Bybelgedeeltes toon ook dat die boek relatief laat geskryf is. Alhoewel die verhaal of elemente daarvan ouer kan wees, kan die boek in sy huidige vorm nie vroeër as 400 vC gedateer word nie.

## **Skrywer**

Die skrywer is onbekend. Wat wel duidelik is, is dat 'n uitstekende verteller hier aan die woord is. So word byna elke episode in die boek afgesluit met 'n aanduiding van die tyd en plek waar die volgende toneel gaan afspeel (vgl bv 1:22 en 2:23). Die keuse van name dra ook by tot die besondere verteltegniek. Betlehem is die "Tuiste van brood" waar hongersnood heers. Elimelek beteken "My God is koning"; sy twee seuns wat van die toneel verdwyn is "Hy wat afgeskryf word" (Kiljon) en "Sieklike" (Maglon). So verkies Naomi ("Lieflike") dat die vroue haar Mara ("Bittere") noem wanneer sy met leë hande en 'n uitsiglose toekoms terugkeer. Die persoon wat nie die weduwee wil help deur haar grond oor te neem nie, is 'n naamlose "So-en-so" (4:1), maar Boas ("In hom is krag") kom tot die redding. Die seuntjie wat vir Naomi op haar oudag sal versorg is Obed, "Hy wat dien".

## **Lesers**

Die eerste lesers was na alle waarskynlikheid Judeërs in die provinsie Juda van die Persiese ryk. In die tyd ná die ballingskap was die Judese gemeenskap verdeel: Die teruggekeerde ballinge het daarop aanspraak gemaak dat hulle die ware Israel is en almal wat nie van

"suiwer" afkoms was nie, is uit die Jerusalemse gemeenskap verstoot (vgl bv Esra 10; Deut 23:3). Die boek Rut weerspreek hierdie gesindheid en wys daarop dat Dawid, dié ikoniese figuur van die tempelgemeenskap in Jerusalem, se voorsaat 'n Moabiet was. Al die inwoners van Juda wat die boek gelees of daarna geluister het, is deur die verhaal 'n plek gegee onder die beskerming van die God van Israel (Rut 2:12).

## **Kenmerke**

Die boek *Rut* word soms beskryf as 'n novelle, 'n vertelling van beknopte omvang, waarin die optrede van die karakters sentraal staan. Die verhaal lees maklik en daar is elemente van spanning wat die leser se aandag gevange hou: Sal die inwoners van Betlehem vir Rut, die Moabiet, aanvaar? Sal Boas in die toneel op die dorsvloer reageer soos Naomi hoop? Gaan die ander onbekende persoon intree as lossers, of sal dit Boas wees? Die slot rond die vertelling goed af.

## **Temas en motiewe**

Daar kom verskillende temas en motiewe in die kort vertelling na vore. Die opvallendste is die tema van die weerlose weduwee sonder toekomst vir wie God, deur die skynbaar toevallige gebeure van elke dag, 'n nuwe toekomst skep: Sy mag op die familiegrond bly, haar oorlede man se naam leef voort, sy het 'n aangenome kind in die plek van haar oorlede seuns, en daar is iemand wat vir haar op haar oudag sal sorg. Asof dit nie genoeg is nie, maak God haar deel van die geslagsregister van koning Dawid. 'n Duidelike motief is die kritiek teen die verstoting van Moabiete en vreemdelinge, teen die

eksklusivisme van die Jerusalemse tempel-elite. Verder word lojaliteit en trou aan familie en aan ondernemings wat eenmaal gegee is, hoog aangeslaan.

## Opbou van die boek

Die vertelling kan in sewe kleiner eenhede opgedeel word wat strek oor vier hoofstukke:

1:1-5 Naomi verloor alles

1:6-22 Naomi keer terug saam met haar Moabitiese skoondogter

2:1-23 Rut tel are op in Boas se lande

3:1-18 Rut gaan na Boas op die dorsvloer

4:1-12 Boas tree as lossers op

4:13-17 Obed word gebore en deur Naomi aangeneem

4:17-21 Die geslagsregister van koning Dawid

### 1

#### Naomi verloor alles

<sup>1</sup> In die jare toe die rigters nog die leiding geneem het, was daar hongersnood in die land. 'n Man van Betlehem in Juda het tydelik in die gebied van Moab gaan bly, hy en sy vrou en sy twee seuns. <sup>2</sup> Die man se naam was Elimeleg, sy vrou se naam was Naomi en sy twee seuns se name was Maglon en Kiljon. Hulle was van die Efrat-familie uit Betlehem in Juda. Hulle het in die hoogland van Moab aangekom. Terwyl hulle daar was, <sup>3</sup> is Elimeleg, Naomi se man dood en is sy en haar twee seuns agtergelaat. <sup>4</sup> Hulle is met Moabitiese vroue getroud. Die een se naam was Orpa en die ander een se naam was Rut.

Hulle het sowat tien jaar daar gebly <sup>5</sup> toe is ook die twee seuns,

Maglon en Kiljon, dood. Die vrou het alleen agtergebly, sonder haar twee kinders en sonder haar man.

### **Naomi keer terug saam met haar Moabitiese skoondogter**

<sup>6</sup> Sy het toe gereedgemaak om met haar skoondogters terug te keer uit die hoogland van Moab want sy het daar in die hoogland van Moab gehoor dat die HERE na sy volk omgesien het deur vir hulle brood te gee. <sup>7</sup> Sy is toe weg uit die plek waar sy gewoon het en haar twee skoondogters saam met haar. Op pad terug na die land Juda <sup>8</sup> sê Naomi vir haar twee skoondogters: "Julle moet liever teruggaan, elkeen na haar eie ma se huis. Mag die HERE aan julle goed doen soos wat julle aan die oorledenes en aan my gedoen het. <sup>9</sup> Mag die HERE gee dat julle elkeen 'n tuiste vind in die huis van 'n man." Toe het sy hulle gesoen, maar hulle het hardop begin huil <sup>10</sup> en vir haar gesê: "Nee, ons wil saam met jou teruggaan na jou mense!" <sup>11</sup> Maar Naomi sê: "Draai om, my dogters! Om watter rede sal julle saam met my gaan? Is daar nog seuns in my liggaam wat vir julle mans kan word? <sup>12</sup> Draai om my dogters! Gaan terug want ek is te oud om weer te trou. Al sou ek dink daar is nog hoop vir my, en selfs al sou ek reeds vannag 'n man hê, selfs aan seuns geboorte gee, <sup>13</sup> sal julle vir hulle kan wag totdat hulle groot is? Sal julle om daardie rede julleself daarvan weerhou om te trou? Nee, my dogters, dit is vir my baie swaarder as vir julle. Die hand van die HERE was immers teen my." <sup>14</sup> Hulle het toe weer hardop gehuil.

Orpa het haar skoonma gesoen, maar Rut het aan haar vasgeklou. <sup>15</sup> Naomi sê vir haar: "Kyk, jou skoonsuster het omgedraai na haar mense en na haar gode toe. Gaan terug, agter jou skoonsuster aan."

<sup>16</sup> Maar Rut het geantwoord:

"Moenie my probeer dwing om jou te verlaat nie  
of om van jou af weg te gaan nie,  
want waar jy gaan, sal ek gaan  
en waar jy bly, sal ek bly.  
Jou mense is my mense,  
jou God is my God.

<sup>17</sup> Waar jy sterf, sal ek sterf  
en daar sal ek begrawe word.

"Die HERE kan my maar swaar straf as ek nie woord hou nie: Net die dood sal ons skei." <sup>18</sup> Toe Naomi sien dat sy vasbeslote is om saam met haar te gaan, het sy opgehou om haar te probeer ompraat. <sup>19</sup> So het die twee van hulle toe aangestap tot hulle by Betlehem aangekom het.

Toe hulle in Betlehem aankom, was die hele dorp in rep en roer oor hulle. Die vroue sê vir mekaar: "Is dit werklik Naomi?" <sup>20</sup> Sy het vir hulle gesê:

"Moenie my Naomi noem nie,  
noem my Mara,  
want die Ontzagwekkende God  
het dit vir my baie bitter gemaak.

<sup>21</sup> Met 'n vol lewe is ek hier weg,  
maar die HERE het my leeg laat terugkom.  
Waarom my Naomi noem

terwyl die HERE my teenstander geword het  
en die Ontslagwekkende God  
my kwaad aangedoen het?"

<sup>22</sup> So het Naomi teruggekeer. Haar skoondogter, Rut die Moabiet, het saam met haar teruggekom uit die hoogland van Moab. Hulle het in Betlehem aangekom aan die begin van die garsoes.

## 2

### Rut tel are op in Boas se lande

<sup>1</sup> Naomi het aan haar man se kant 'n familielid gehad, 'n vermoënde man uit die geslag van Elimeleg met die naam Boas. <sup>2</sup> Rut, die Moabiet, het vir Naomi gesê: "Kan ek maar na die lande toe gaan en by die gerwe, agter iemand wat my goedgesind sal wees, gaan are optel?" "Gaan maar, my dogter," het Naomi haar geantwoord. <sup>3</sup> Sy het toe geloop en gaan are optel in die lande agter die snyers. En soos die geluk dit wou hê, het dié deel van die land aan Boas, uit die geslag van Elimeleg, behoort. <sup>4</sup> Boas het self van Betlehem af daar aangekom. "Die HERE is met julle!" groet hy die snyers. "Die HERE seën u," antwoord hulle hom. <sup>5</sup> Boas vra toe vir sy werker wat toesig hou oor die snyers: "Aan wie behoort hierdie jong vrou?" <sup>6</sup> Die werker wat toesig hou oor die snyers antwoord hom: "Sy is 'n jong vrou uit Moab wat saam met Naomi uit die gebied van Moab teruggekom het. <sup>7</sup> Sy het gevra, 'Kan ek maar are optel en bymekaarmaak by die hopies agter die snyers?' Sy het gekom en is van vanmôre af tot nou toe op haar voete; hier het sy nog maar min gerus!"

<sup>8</sup> Boas sê toe vir Rut: "Luister, my dogter, jy hoef nie in 'n ander land

te gaan are optel nie. Moet selfs nie eers hiervandaan weggaan nie. Bly by my vrouewerkers, <sup>9</sup> kyk in watter land hulle oes en volg hulle. Ek het my werkers uitdruklik beveel om jou glad nie lastig te val nie. As jy dors is, moet jy na die kruike gaan en drink van wat die werkers daar skep."

<sup>10</sup> Rut kniel toe, buig vooroor met haar gesig teen die grond en vra vir hom: "Waarom is u so goed vir my? U gee vir my om en dit terwyl ek 'n buitelanders is?" <sup>11</sup> Boas antwoord haar: "Ek is goed ingelig oor alles wat jy vir jou skoonma gedoen het ná die dood van jou man: dat jy jou pa, jou ma en jou geboorteland verlaat het en dat jy na 'n volk gekom het wat jy nie voorheen geken het nie. <sup>12</sup> Mag jy vir alles wat jy gedoen het, ruim vergoed word deur die HERE, die God van Israel onder wie se vleuels jy kom skuil het." <sup>13</sup> "U is baie goed vir my, Meneer," antwoord sy, "u het my immers jammer gekry; ja, u het mooi gepraat met my, u diensmeisie, en dit terwyl ek nie eers een van u slavinne is nie!"

<sup>14</sup> Teen etenstyd sê Boas vir haar: "Kom hier, kom eet van die brood. Doop jou stukkie in die asyn." Sy het langs die snyers gaan sit en hy het vir haar gebraaide koring aangebied. Sy het geëet totdat sy versadig was en selfs nog daarvan oorgehou.

<sup>15</sup> Toe sy opstaan om weer te gaan are optel, het Boas sy werkers opdrag gegee en gesê: "Sy mag ook tussen die hopies optel. Julle verneder haar nie. <sup>16</sup> Julle moet selfs vir haar are uit die bondels uittrek en dit laat lê sodat sy dit kan optel. Julle skel haar nie uit nie."

<sup>17</sup> Rut het tot die aand are opgetel in die land. Sy het uitgeslaan wat



sy opgetel het: Dit was omtrent 'n efa<sup>a</sup> gars. <sup>18</sup> Sy het dit gedra, en toe sy in die dorp kom, wys sy vir haar skoonma wat sy opgetel het.<sup>b</sup> Daarop haal Rut ook van die kos uit wat sy oorgehou het nadat sy genoeg geëet het en gee dit vir haar.

<sup>19</sup> Haar skoonma vra haar toe: "Waar het jy vandag are opgetel en by wie het jy gewerk? Mag die een wat jou bevoordeel het, geseënd wees!" Sy vertel toe vir haar skoonma by wie sy gewerk het: "Die man by wie ek vandag gewerk het, se naam is Boas." <sup>20</sup> Naomi het vir haar skoondogter gesê: "Mag hy geseën word deur die HERE wat nie nagelaat het om sy verbondstrou aan die lewendes en die dooies te bewys nie." Naomi het ook vir haar gesê: "Die man is verwant aan ons: Hy is een van ons lossers.<sup>c</sup>" <sup>21</sup> Rut, die Moabiet, sê toe: "Hy het ook vir my gesê, 'Jy moet by my werkers bly totdat hulle met my hele oes klaar is.' " <sup>22</sup> Daarop sê Naomi vir Rut, haar skoondogter: "My dogter, dis goed dat jy saam met sy vrouewerkers uitgaan sodat mans jou nie op 'n ander land molesteer nie."

<sup>23</sup> Rut het Boas se vrouewerkers gevolg en are opgetel totdat die garsoes en die koringoes verby was. Sy het in dié tyd by haar skoonma gebly.

---

<sup>a</sup>2:17 *efa*: Een efa was omtrent 22 liter koring of gars of meel. 'n Efa gars het omtrent 13,2 kilogram geweeg.

<sup>b</sup>2:18 *wys sy ... opgetel het*: Bronteks "sien haar skoonma wat sy opgetel het".

<sup>c</sup>2:20 *losser*: Wanneer 'n familie probleme gekry het, dan moes iemand wat familie van hulle was, vir hulle help. So iemand is 'n "losser" genoem. Die lossers moes ook help om die grond terug te kry wanneer een van die familie sy grond moes verkoop omdat hy arm geword het.

# 3

## Rut gaan na Boas op die dorsvloer

<sup>1</sup> Naomi, Rut se skoonma, het vir haar gesê: "My dogter, moet ek nie vir jou 'n tuiste soek waar dit met jou goed sal gaan nie?" <sup>2</sup> Nou ja, Boas wie se werkers jy gevolg het, is mos familie van ons. Hy gaan vanaand by die dorsvloer gars uitwan. <sup>3</sup> Was jou, smeer geurige olie aan en trek jou beste klere aan. Dan gaan jy af dorsvloer toe. Maar moenie dat die man weet jy is daar voordat hy klaar geëet en gedrink het nie. <sup>4</sup> En as hy gaan slaap, maak seker van die plek waar hy lê. Gaan dan nader, maak sy voete oop en gaan lê daar. Hy sal dan self vir jou sê wat jy moet doen." <sup>5</sup> Rut het geantwoord: "Ek sal alles doen wat Ma sê." <sup>6</sup> Sy het na die dorsvloer toe afgegaan en alles gedoen wat haar skoonma haar voorgesê het. <sup>7</sup> Nadat Boas geëet en gedrink het en hy in 'n gemoedelike bui was, het hy aan die kant van die hoop graan gaan lê. Sy het stilletjies nadergegaan, sy voete oopgemaak en daar gaan lê. <sup>8</sup> In die middel van die nag skrik Boas wakker. Iets raak aan hom, en sowaar, daar lê 'n vrou by sy voete! <sup>9</sup> "Wie is jy?" vra hy. Sy antwoord: "Ek is Rut, u slavin. Gooi u mantel oor u slavin,<sup>d</sup> want u is die losser.<sup>e</sup>" <sup>10</sup> Hy sê toe: "Mag jy geseën word deur die HERE, my dogter. Jou trou aan die familie blyk nou nog duideliker as voorheen aangesien jy nie agter jong mans, of hulle arm of ryk is, aanloop nie.

---

<sup>d</sup>3:9 *Gooi u ... u slavin*: Dit beteken "neem my in u sorg". Vgl Eseg 16:8.

<sup>e</sup>3:9 *losser*: Wanneer 'n familie probleme gekry het, dan moes iemand wat familie van hulle was, vir hulle help. So iemand is 'n "losser" genoem. Die losser moes ook help om die grond terug te kry wanneer een van die familie sy grond moes verkoop omdat hy arm geword het.

<sup>11</sup> Moet dus nie bang wees nie, my dogter. Alles wat jy vra sal ek doen. Al my mense in die dorp weet immers dat jy 'n deugsame vrou is. <sup>12</sup> Dit is nou wel waar dat ek 'n lossier is, maar daar is ook 'n lossier wat nader familie is as ek. <sup>13</sup> Bly vannag hier. En môreoggend, as hy jou wil loskoop,\* goed, laat hy jou dan loskoop. Maar as hy jou nie wil loskoop nie, dan sal ek, sowaar as die HERE leef, dit self doen. Bly nou maar lê tot môreoggend." <sup>14</sup> Sy het tot die môre toe by sy voete bly lê.

Nog voordat 'n mens iemand anders sou kon herken, het sy opgestaan, want hy het gesê: "Dit mag nie bekend word dat 'n vrou na die dorsvloer gekom het nie." <sup>15</sup> Boas sê toe vir haar: "Gee die tjalie wat jy om het en hou dit oop." Sy het dit oopgehou en hy het ses mate gars daarop afgemeet en dit op haar skouer getel. Daarna is hy die dorp in.

<sup>16</sup> Toe sy by haar skoonma kom, vra sy vir haar: "Hoe het dit toe gegaan, my dogter?"<sup>f</sup> Sy het haar alles vertel wat die man vir haar gedoen het. <sup>17</sup> Sy het ook gesê: "Hierdie ses mate gars het hy vir my gegee, want hy het gesê: 'Jy mag nie met leë hande by jou skoonma aankom nie.' " <sup>18</sup> Naomi antwoord: "My dogter, wag nou maar totdat jy weet hoe die saak uitval. Die man sal nie tot rus kom tensy hy die saak vandag nog afhandel nie."

## 4

### Boas tree as lossier op

<sup>1</sup> Boas het na die dorpspoort gegaan en daar gaan sit. Juis toe kom

---

<sup>f</sup>**3:16 Hoe ... my dogter:** In die bronteks staan daar "Wie is jy, my dogter?" Dit impliseer 'n vraag na haar toestand.

die lossers<sup>9</sup> van wie hy gepraat het, daar verby. "Draai af hierheen, kom sit hier!"<sup>h</sup> sê Boas vir hom. Die man het afgedraai en gaan sit.

<sup>2</sup> Boas kry toe nog tien manne van die dorp se familiehoofde en sê vir hulle: "Kom sit hier!" Nadat hulle gaan sit het, <sup>3</sup> sê hy vir die lossers: "Die deel van die grond wat aan Elimeleg, ons familielid behoort, word verkoop deur Naomi, wat teruggekom het van die hoogland van Moab. <sup>4</sup> Ek het gedink ek moet jou inlig en vir jou sê: Neem die grond oor in die teenwoordigheid van dié wat hier sit en van my mense se familiehoofde. As jy as lossers wil optree, doen dit dan. Maar as jy nie as lossers wil optree nie, sê dit vir my, sodat ek dit weet, want daar is niemand behalwe jy wat as lossers kan optree nie, en ek is die volgende ná jou." Die man sê toe: "Ja, ek sal as lossers optree."

<sup>5</sup> Daarop sê Boas: "Maar die dag wanneer jy die grond by Naomi oorneem en ook by Rut die Moabiet, wat die weduwee van die oorledene is, dan neem jy dit oor sodat die oorledene se naam oor sy familiebesit kan voortleef."

<sup>6</sup> Toe sê die lossers: "Nee, dan kan ek dit nie as lossers vir my verkry nie, anders bederf ek daarmee my familiebesit. Neem jý my lossingsreg oor, want ek wil nie as lossers optree nie."

<sup>7</sup> Wanneer dit gegaan het oor lossingsreg en ruiltransaksies, was dít

---

<sup>9</sup>4:1 *lossers*: Wanneer 'n familie probleme gekry het, dan moes iemand wat familie van hulle was, vir hulle help. So iemand is 'n "lossers" genoem. Die lossers moes ook help om die grond terug te kry wanneer een van die familie sy grond moes verkoop omdat hy arm geword het.

<sup>h</sup>4:1 *kom sit hier*: In die bronteks staan daar ook nog "so-en-so van 'n sekere plek". Daarmee dui die skrywer aan dat hy nie die man se identiteit bekend wil maak nie. Die ou Griekse vertaling gee dit weer met die enkele woord "Geheim".

vroeër in Israel die gebruik om enige saak te bevestig: 'n Persoon moes sy sandaal uittrek en dit vir die ander party gee. Dit het dan in Israel as bekragtiging van die saak gegeld. <sup>8</sup> Toe die lossers vir Boas sê: "Neem die lossingsreg vir jou oor," het hy sy sandaal uitgetrek.

<sup>9</sup> Daarop sê Boas vir die familiehoofde en al die mense: "Vandag is julle getuies dat ek alles wat aan Elimeleg en alles wat aan Kiljon en Maglon behoort, by Naomi oorneem. <sup>10</sup> En ook Rut, die Moabiet, die vrou van Maglon, neem ek vir my oor as vrou om die naam van die oorledenes oor hulle familiebesit te laat voortleef, en sodat die naam van die oorledenes nie onder die familie en uit die poort van sy woonplek verdwyn nie. Julle is vandag getuies." <sup>11</sup> Al die mense wat by die dorpspoort was en die familiehoofde sê toe: "Ons is getuies. Mag die HERE gee dat die vrou wat in jou huis inkom soos Ragel en Lea sal wees, die twee wat die huis van Israel gebou het. Mag jy van krag tot krag gaan in Efrata en roem verwerf in Betlehem! <sup>12</sup> Mag, uit die nageslag wat die HERE vir jou uit hierdie jong vrou gee, jou huis wees soos dié van Peres wat Tamar vir Juda in die wêreld gebring het."

### **Obed word gebore en deur Naomi aangeneem**

<sup>13</sup> Boas het Rut by hom geneem en sy het sy vrou geword. Hy het by haar geslaap en die HERE het haar swanger laat word. Sy het aan 'n seuntjie geboorte gegee.\* <sup>14</sup> Die vroue het vir Naomi gesê:

"Die HERE moet geprys word!

Hy het jou vandag nie sonder 'n lossers gelaat nie.

Mag dié lossers beroemd wees in Israel.

---

\*4:13 Vgl Matt 1:5

<sup>15</sup> Mag hy jou lewenslus herstel  
en jou versorg op jou oudag.  
Jou skoondogter wat jou liefhet  
het hom in die wêreld gebring,  
sy wat vir jou meer werd is  
as sewe seuns."

<sup>16</sup> Naomi het die kind geneem en op haar skoot gesit<sup>i</sup> en sy  
grootmaakma geword. <sup>17</sup> Die buurvroue het vir hom 'n naam gegee.  
Hulle het gesê: "'n Seun is vir Naomi gebore" en hom toe Obed  
genoem.

### Die geslagsregister van koning Dawid

Obed was die vader van Isai, en Isai die vader van Dawid. <sup>18</sup> Hier  
volg die geslagsregister van Peres:

Peres het Gesron verwek  
<sup>19</sup> Gesron het Ram verwek  
Ram het Amminadab verwek  
<sup>20</sup> Amminadab het Nagson verwek  
Nagson het Salmon<sup>j</sup> verwek  
<sup>21</sup> Salmon het Boas verwek  
Boas het Obed verwek  
<sup>22</sup> Obed het Isai verwek  
Isai het Dawid verwek.\*

---

<sup>i</sup>4:16 *op ... skoot gesit*: Dit beteken dat sy hom as haar eie kind aangeneem het.

<sup>j</sup>4:20 *Salmon*: Bronteks "Salma".

\*4:18-22 Vgl Matt 1:4-5; Luk 3:31-33